Laerskool **STULTING** Primary School

☎ (042) 295 1119 | ✉ 58 | hoof@stulting.co.za
(042) 295 2612 | HUMANSDORP | admin@stulting.co.za
www.stulting.co.za | 6300 | accounts@stulting.co.za

2022-07-20

Geagte ouers

NUUSBRIEF 16-2022

Nuwe leerders: Baie welkom aan al die nuwe gesinne wat sedert verlede kwartaal by ons aangesluit het. Ons glo dat u baie vinnig sal inskakel by ons skool en al die aktiwiteite wat hier aangebied word sal ondersteun. U kan met vrymoedigheid u kind se klasonderwyser skakel sou enigiets by die skool onduidelik wees. Die kantoor en Skoolhoof is ook beskikbaar om te help waar ons kan.

Water: U is deeglik bewus van die waterkrisis in die Kougastreek. Help asb. die skool deur u kinders te leer om water by die huis en by die skool te bewaar.

Misdaad: Humansdorp ondervind tans ‘n toename van diefstal vanuit voertuie – veral bakkies. Ons vra dat ouers asb. bedag sal wees veral wanneer hul 13:00, 13:30 en 14:00 vir hul kinders by die skool staan en wag. Booswigte wag hul kans af om ongesiens waardevolle items agter bakkies uit te steel. Moet asb. nie waardevolle items sonder toesig in oop voertuie laat nie.

AKADEMIE

Rapporte / Ouer-onderwyservergaderings: Ons herinner u aan hierdie vergaderings wat môre plaasvind. Geleentheid om die leerdervordering te bespreek vind op Donderdag 21 Julie 2022 vanaf 17:00 tot 19:00 in die skoolsaal plaas.

Grondslagfase Virtuele Kunsuitstalling: Die grondslagfase-leerders se kunswerke sal vanaf 1-30 September virtueel besoek kan word (‘n Skakel sal volg). ‘n Donasie om die kunswerke te bekom kan dan via EFT of kontant-inbetaling (in ‘n koevert aan die klasonderwyser) gemaak word.

Laerskool **STULTING** Primary School

☎ (042) 295 1119 | ✉ 58 | hoof@stulting.co.za
(042) 295 2612 | HUMANSDORP | admin@stulting.co.za
www.stulting.co.za | 6300 | accounts@stulting.co.za

Daar sal ‘n prys vir die klas wees wat die meeste geld insamel. Die opbrengs van hierdie fondsinsamelingsgeleentheid word gebruik om die grondslagfase-speelareas te ontwikkel. Kontak jou klasonderwyser vir meer inligting.

KULTUUR

Stulting Kunsfees: Meer as 17 instellings – privaat en publiek gaan deelneem aan ons fees. Die aktiwiteite word as volg aangebied: Maandag (1 Aug): Voordrag, Dinsdag (2 Aug): Musiek en Donderdag (4 Aug): Dans. Die fotografie en kunswerke word deur die loop van die kunsfees in die skoolsaal uitgestal. Ingang tot die fees is gratis. Die Prestige-prysuitdeling vind op Vrydag 9 September plaas – ‘n ingangsfooi sal wel op hierdie aand gevra word. Sterkte vir al ons leerders wat ook deelneem.

SPORT

Buitemuurse-aktiwiteite: Alle buitemuurse aktiwiteite soos op die buitemuurse rooster aangedui, hervat op Maandag 25 Julie.

Sporttoer: Ons o/11A en o/13A/B-rugbyspanne asook die o/11A, o/12A en o/13A/B-netbalspelers toer op 28, 29 en 30 Julie. Hierdie spanne speel Donderdag wedstryde in Oudtshoorn (Laerskool Van Rheede) en Saterdag op Groot Brakrivier (Laerskool Vorentoe). Vrydag besoek hierdie spelers die Wilgewandel plaas, Die Cango Wildlife sentrum, die Cango Grotte asook ’n volstruisplaas.

Laerskool **STULTING** Primary School

☎ (042) 295 1119 ✉ 58 hoof@stulting.co.za
(042) 295 2612 HUMANSDORP admin@stulting.co.za
www.stulting.co.za 6300 accounts@stulting.co.za

Stulting Sportdag: Ons jaarlikse sportdag word op Vrydag (26 Aug) en Saterdag (27 Aug) aangebied. Die tenniswedstryde, skaak asook Kodering en Robotika Kompetisie vind Vrydag by die skool plaas. Saterdag se rugby- en netbalwedstryde vind op die sportterrein van Hoërskool Nico Malan plaas.

Hierdie sportdag is die grootste van sy soort in die Oos-Kaap en ons nooi alle ouers en skoolondersteuners uit om die twee dae saam met ons te kom geniet.

ALGEMEEN

Sien asb. die aangehegde kwartaalprogram:

	Julie
21/07	***Ouer-onderwyservergaderings*** (17:00-19:00 @ skoolsaal)
22/07	DT: 14:00-16:00. Kooroefening (SK): 14:15-16:30
25/07	Buitemuurse aktiwiteite begin.
26/07	Skaak v Kruisfontein (T), Tennis v St. F College (T)
28/07	Sporttoer: Rugby (o/11 & o/13), Netbal (o/11, o/12 & o/13)
29/07	Sporttoer: Rugby (o/11 & o/13), Netbal (o/11, o/12 & o/13).
30/07	Sporttoer: Rugby (o/11 & o/13), Netbal (o/11, o/12 & o/13), Radikale Redenaars (Virtueel).
	Augustus
1/08	***Stulting Kunsfees*** (Voordrag).
2/08	***Stulting Kunsfees*** (Musiek). Rugby: Super 12 v Sunridge (T), Skaak v Graslaagte (T),
3/08	Rugby / Netbal v Makukanye (T), SGB Meeting
4/08	***Stulting Kunsfees*** (Dans)

Laerskool **STULTING** Primary School

☎ (042) 295 1119 | ✉ 58 | hoof@stulting.co.za
(042) 295 2612 | HUMANSDORP | admin@stulting.co.za
www.stulting.co.za | 6300 | accounts@stulting.co.za

5/08	Interklas Redenaars, "Civvies"-dag: Gemeenskapsprojek (Vrouedag)
6/08	Rugby: o/13 deelname aan Muir 200jr Fees
8/08	***Publieke Vakansiedag: Skole Vakansiedag.*** Rugby: o/13 deelname aan Muir 200jr Fees
9/08	***Publieke Vakansiedag: Vrouedag***
11/08	Mini-Netbal @ Graslaagte. Rugby: Super 12 v Paul Sauer (W) (o/13)
12/08	Toetsdag (ISF). Interklas Redenaars (Finaal). FEDSAS NR-Verg (Jhb). Tennis v Handhaaf (S-T, D-W)
13/08	Interskole: v Handhaaf (T). FEDSAS NR-Verg (Jhb)
15/08	Rugby: Super rugby @ Susanna Fourie (W)
16/08	Toetsdag (ISF), ATKV redenaars (Finaal), Skaak vs JB (T), Tennis v VCS (T)
17/08	Rugby/Netbal v Gamtoosvallei (W)
19/08	Toetsdag (ISF), X-klasse verslae @ FH
20/08	Interskole: v Jeffreysbaai (T)
22/08	Skaak v Pellsrus (W)
23/08	Toetsdag (ISF), Mini-Netbal @ Gamtoosvallei. Tennis v JB (S-T, D-W)
25/08	Klasuitstappie: SPAR (Gr. R)
26/08	***Sportdag: Stulting***
27/08	***Sportdag: Stulting***
30/8	Toetsdag (ISF)
	September
1/09	"Civvies"-dag: Lentedag (Vreugde), Fondsinsameling: GF Virtuele Kinderkunsverkoping begin (tot 30 Sept)
2/09	Toetsdag (ISF)
5/09	SAOU: Skoolhoofde Simposium
6/09	SAOU: Skoolhoofde Simposium, Toetsdag (ISF)
7/09	SAOU: Skoolhoofde Simposium, Sekretaressedag

Laerskool **STULTING** Primary School

☎ (042) 295 1119 | ✉ 58 | hoof@stulting.co.za
(042) 295 2612 | HUMANSDORP | admin@stulting.co.za
www.stulting.co.za | 6300 | accounts@stulting.co.za

8/09	Klasuitstappie: DBV (Gr. 5), SBS Beplanning 2023 (Dag 1)
9/09	Toetsdag (ISF), Klasuitstappie: Melkplaas (Gr. 1), Prysuitdeling / Prestige-aand: Stulting Kunsfees.
13/09	Toetsdag (ISF)
15/09	***Prysuitdeling: Sport en Kultuur***, Klasuitstappie: Taxidermy (Gr. R)
18/09	Gr. 7 Akademiesetoer: Kaapstad
19/09	Gr. 7 Akademiesetoer: Kaapstad
20/09	Gr. 7 Akademiesetoer: Kaapstad
21/09	Gr. 7 Akademiesetoer: Kaapstad
22/09	Gr. 7 Akademiesetoer: Kaapstad, Laaste dag van buitemuurse aktiwiteite.
23/09	Gr. 7 Akademiesetoer: Kaapstad
24/09	***Erfenisdag.*** Krieket: v Hermanus (o/13)
26/09	Veldskool: Gr. 6
27/09	Veldskool: Gr. 6
28/09	Veldskool: Gr. 6
29/09	SBL vergadering: 16:00
30/09	**Skole sluit vir die skoolvakansie**

Stultinggroete

C.J. Coetzer
SKOOLHOOF